# VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| Di | 27/01 | **Hendra Bouwsema,** Wyk 9 |
| Sa | 31/01 | **Lenie Bouwsema**. Wyk 8 |
| | | **Riana Serfontein**. Wyk 3 |
| | | **Martin van der Berg**. Wyk 8 |

**Bede met meelewing Psalm 34: 4.**

# DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: Potchefstroom.

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?



Die Susters van wyke 9 en 1 nooi almal
uit om na die erediens
'n koppie tee of koffie
in die kerksaal te kom geniet





# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 3 Sondag 25 Januarie 2026
*REDAKTEUR:* RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste en kategese:**
**Ouderlinge:** Wyk 3 vakant. Wyk 4 **Flip Mostert**
**Diaken:** Wyk3 **Rudy van der Spoel** en Wyk 4 **Banie Nortjé**
**Skinkbeurt Susters: Wyke 9 en 1: Marli Nortjé en Malie Wyma**

## EREDIENSTE Albei eredienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND Woordbediening:** Daniël 6.
**Fokusverse:** Daniël 6:11.
**Belydenis:** HK Sondag 46 & 47.
**TEMA:** *Boustene van gebed (nr. 1): Lofprysing - loof God in jou gebed vir Wie Hy is.*
**Sing:** Psalm 118: 12; Psalm 150: 1; Psalm 150: 2; Psalm 6: 1,4; Psalm 34: 1, 2; Psalm 150: 3.
**Sing met meelewing:** Psalm 34: 4.

**AAND Woordbediening:** Galasiërs 5:13-26.
**Fokusverse:** Galasiërs 5: 25.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, paragraaf 10(3).
**TEMA:** *Die Here bewerk sekerheid van ons bewaring en volharding in ons deur ons in pas met die Heilige Gees te laat voortmarsjeer.*
**Sing:** Psalm 24: 2; Psalm 24: 2, 3; Skrifberyming 18-2 [36]:1, 4, 5; Skrifberyming 14-1 [73]:1, 3; Skrifberyming 15-1 [75]: 4.

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir Teologiese Studentekas. Volgende week: Kerklike Tydskrifte
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

# LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**
Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Ria Buys** was die afgelope week wel in die teater, maar die geneesheer het uiteindelik besluit om nie met die beplande operasie voort te gaan nie. Sy is terug in Huis Eikelaan en ons bede is dat ons hemelse Vader haar en haar dierbares elke dag die krag en genade sal gee wat hulle nodig het.

**Susan Coetzee** ondergaan Dinsdag 'n biopsie in Unitas hospitaal. Ons bede is dat die uitslag gunstig sal wees en sy weer lewenskrag en gesondheid mag ervaar.

**Dean du Plooy** is Woensdag weer in Potchefstroom Hospitaal opgeneem en moes X-strale en 'n sonarondersoek ondergaan. Hy het Donderdagmiddag 'n operasie ondergaan. Ons verseker br. Dean, sr. Barbara en br. Ruan van ons voorbidding vir hulle.

**Suzie Marais** het Donderdag 'n afspraak met die plastiese chirurg op Klerksdorp gehad en nie goeie nuus ontvang nie. Die kanker wat verlede jaar verwyder is, is terug. Sy moet Donderdag die onkoloog op Potchefstroom spreek met die oog op bestraling. Ons verseker Suzie en Karel van ons volgehoue voorbidding vir hulle.

**DANKBAARHEID** Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.



**DANKBAARHEID** Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**
Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

**HUWELIKSHERDENKING**
Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe!

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 25/01 | 08:30 | Hoërskoolkatkisasie Les 1 | Bovertrekl |
| | | 11:00 | Laerskoolkatkisasie Die Skepping | Bovertrek |
| Di | 27/01 | | Agendastukke vir Breë Kerkraad ingedien by kerkkantoor | |
| | | 15:00 | Bybelstudie Huis Eikelaan Staan oor | Rooi sitkamer |
| | | 18:00 | Finansiële Kommissie Begroting | Kerkkantoor |
| Wo | 28/01 | 18/00 | Bybelstudie (2 Korintiërs, Studie 5b) | Konsistorie |
| | | 20:00 | Huwelikskategese (3) | |
| Do | 29/01 | 10:30 | Bybelstudie | Kerksaal |
| | | 12:00 | Volwasse Kategese | Bovertrek |
| Do | 12/02 | 18:00 | Bedieningskommisievergadering | Bovertrek |

| KATKISASIE | Sondag 25 Januarie | Sondag 1 Februarie |
|---|---|---|
| Hoërskoolkatkisasie | Les 1 | Les 2 |
| Lesrooster: | Genesis 1: 26-31; 2: 20-25 | Genesis 3 |
| Psalmvers: | Psalms 61:2 | Psalms 61:2 |
| Heidelbergse Kategismus: | Sondag 29 | Sondag 30 |
| Memoriseerwerk | Eksodus 20: 1 - 2 | Eksodus 20:3 |

**BYBELSTUDIE**

Die Bybelstudiebyeenkomste hervat die komende week:

- Woensdagaand om 18:00 in die konsistorie word studie 5 (deel 2) van prof. Jorrie Jordaan se *Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament* behandel.
- Donderdagoggend 10:30 in die kerksaal word 2 Korintiërs verder bestudeer.
- Geen Bybelstudie by Huis Eikelaan hierdie week nie, omdat Prof Callie vir Susan vergesel met die oog op die biopsie

**BEDIENINGSKOMMISSIEVERGADERING**

DIe vergadering van die Bedieningskommissie wat vir 15 Januarie beplan is, verskuif na Donderdag 12 Februarie om 18:00 in die konsistorie.

**VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE**

Die Kommissies/diakonie word versoek om hulle begrotings teen 23 Januarie vir Frikkie Venter/kantoor te stuur.
Die Finansiële Kommissie vergader op 27 Januarie om die begroting vir die jaar op te stel. Die dankoffervorms moes teen 23 Januarie ingehandig word.

## DIAKONIE SE KOSKAS

**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta,

*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*



## VAN ONS SUSTERS

Goeiedag Susters

Ek herinner julle aan die Sustersaamtrek wat DV op 7 Maart in Wolmaransstad plaasvind. Daar sal 'n lys in die saal beskikbaar wees vir die name. Jy kan jou R150 in die Susters se rekening inbetaal (verwysing: Saamtrek) of kontant vir Wijmie gee. Die name moet op 31 Januarie deurgegee word, so ons het nie tyd nie. Onthou, as die geld 'n probleem is, praat met 'n bestuurslid daaroor. Ons sien uit daarna om 'n bus vol te maak!

Baie dankie!




## KARWAGTE

*Lidmate word opgeroep om by te dra vir die karwagte (Jafta).*
*Dit kan afgedra word in die houtbussies by die deure.*